Meer as oorwinnaars

Tiny Krige se broer het gesterf in Stellenbosch. Daar word deur die familie wat in Pretoria woon ‘n diens aan huis van die Kriges gehou op die 2de Oktober om 11:00. Ons bid vir hul as familie.

Thys Pistorius (Jnr.) se toestand is nog bedenklik, hy het sy oë oopgemaak maar fokus nie behoorlik nie. Dit lyk asof hy sonder die ventilator kan klaarkom maar die breinskade wat hy opgedoen het, is te groot. Hy ontvang buis voeding. Bid asb. vir Thys en Marie dat hulle elke dag die Here se krag sal ervaar, dit is vir hulle baie moeilik om hul kind so te sien ly.

Dink steeds in u gebede aan Krit Gouws, Alida van Zyl en Henoch Schoeman wat herstel na rugoperasies.

Issie de Kock se seun Jacques het gesterf. Dit is vir hulle ‘n stuk genade dat hy nie meer lyding ervaar nie . Bid asb. dat hulle die Gees se troos sal ervaar.

Bid asb. vir Susan, dogter van Sus Boshoff, dit gaan nie met haar goed nie. Mag die Here haar seën met beterskap.

Mieke Pienaar het ’n moeilike tyd agter die blad, boonop skryf sy rekord eksamen. Ons vra dat die Here vir haar sal goed wees.

Bets de Wet sou Vrydag ontslaan word uit nasorg, ons bid dat sy met groter vertroue sal kan loop.

Pat Martens se seun Allan het moontlik a.g.v. ‘n hartaanval gesterf. Ons dra haar en die res van die familie op aan die Here vir sy troos en krag.

Helene Mouton veg ‘n opdraande stryd teen die beroerte wat sy gehad het, dit neutraliseer haar en veroorsaak dat sy huisgebonde leef. Dink in u gebede aan haar,

Prediker: *Ds. Gideon du Toit*

Skriflesing: *Johannes 10:22-42*

Tema: *Die wat die Vader vir my gegee het, sal niemand uit die hand van die Vader kan ruk nie!*

Liedere: *547:1,3; 542:1,2; 292:1,2 510:1-4; 590:1,2*

Rusoord: *10:30 & 16:45* **JEUG:** *18:00*

Omgeekerk Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Jy het die krag - gebruik dit!

Efesiërs 3:16 NLV

Totdat jy besef dat God se krag binne-in jou is, sal jy dit nie gebruik nie. Een van die grootste genesende kragte in die wêreld is God se Woord, wat aan jou beskikbaar is! Wanneer jy of 'n geliefde byvoorbeeld siek word, sê die Bybel, 'Hierdie is die wondertekens wat dié sal beleef wat glo... Hulle sal siekes die hande oplê, en hulle sal gesond word' (Markus 16:17 -18 NLV). Dit is 'n kragtige belofte. Toe Jesus na Kapernaum teruggekeer het, sê die Bybel, '...dit [het] rugbaar geword dat Hy weer by die huis is' (Markus s 2:1 NLV). Voor Hy weer weggegaan het daarvandaan af, het 'n verlamde man opgestaan en geloop. So: As Christus in jou lewe is, is mense nie veronderstel om sy teenwoordigheid te voel wanneer hulle in jou teenwoordigheid is nie? As jy op die kerkraad dien, moet die kerk nie dan geseënd wees nie? Moet jy nie 'n agent vir verandering wees wat probleme oplos en die kerk help groei nie? Die kerk is nie perfek nie. Niemand sê dat dit is nie. Dis 'n hospitaal, nie 'n sosiale klub nie. Wat ook al egter met die kerk verkeerd is, is die mens se handewerk, nie God s'n nie. Wanneer God agter selfs die kleinste ding staan, word dit magtig; dit moet sukses behaal omdat sy mag onbeperk, onveranderd en beskikbaar is! Dis tyd om '...die kragtige gevegstoerusting van God wat vestings kan vernietig...' (2 Korintiërs 10:4 NLV), te gebruik. Dis tyd om die saak te forseer deur vir die Duiwel te sê om sy hande van alles wat op jou betrekking het, af te hou! Jesus het gesê, '...God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou. Gaan dan...' (Matteus 28:18-19 NLV). Hy het aan jou die krag gegee - gebruik dit!

Geskryf deur Bob en Debby Gass

Die Hankondiger

23 September 2018

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

BRUINGELD

Tans is die daar **vanaf Mei 2017** al **R 3529.00** ingesamel vir Sending

Deurkollekte

Die week gaan dit vir: **Jeug**

Fondsinsamelings geleentheid.

Op Saterdag die 15e September het ons wegneemetes verkoop. Bestellings is vooraf geneem vir Vetkoek, Bobotie, Kerrie en Rys, Pannekoek en Koeke. Ons stoutste verwagtinge is oortref, meer as R6000.00 wins is gemaak! Gemeentelede het fluks bestellings geplaas en wegneemetes afgehaal. Dankie aan Jake Erasmus wat die meeste bestellings geplaas het, en dankie aan almal wat gehelp het met die voorbereiding van die etes en met die verkope! Julle samewerking en ondersteuning word werklik waardeer!

Baie geluk aan Karl-Heinz en Cherise Falk met die doop van hul tweeling dogtertjies, Abigail en Roxanne Falk.
Geluk ook aan die grootouers en die agter-grootouer/s (of is dit nou Grootjies?)

Meer as oorwinnaars

BYBELSTUDIEGROEPE :

Maandag	09:00	Rusoord				
Dinsdag	09:00	Noorde	10:00	La Vie		
Woensdag	09:00	Parkrand	10:00	Lofdal		
Donderdag	09:00	Dienssentrum	10:00	La Borie	11:00	Protea

Baie geluk aan almal wat 23 September tot 29 September verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Leigh-Ann	Bouwer	09/23		083 452 1625
Stephanie	Laurie	09/23		27795467271
Tania	Turner	09/23	082 817 8935	
Lily	de Beer	09/24	012 664 4381	
Gert	Pretorius	09/24	012 664 1878	082 642 0098
Marius	Erasmus	09/25	012 664 4660	082 955 1537
Miems	Malan	09/25	012 6644757	082 701 8778
J	Oosthuizen	09/25		082 455 9566
Etienne	Kock	09/26	082 339 0343	073 200 1852
Luitje	Venter	09/26		083 251 9830
Meliza	Coetzee	09/27		082 761 2341
Yolande	Vosloo	09/28	012 667 1587	082 677 5845
Andre	Joubert	09/29		081 345 3095
Fransien	Minnie	09/29		
Rozet	Van Niekerk	09/29	012 664 2669	072 993 5576

Baie geluk aan die waarvan bewys van lidmaatskap ontvang is:

Sophia Alida George (van Zyl) vanaf Marble Hall.

Catharina Magdalena v.d. Westhuizen (Visser) vanaf Waverley.